Skrifgedeelte: Numeri 21:4-9

Fokusvers: Numeri 21:9

Tema: Kyk op en omhels die redding en vergifnis wat daar in Jesus Christus is!

Ons almal ken `n maalkolk - of dit nou dié by Burke's Luck in die Laeveld is of dié wat jy en vriende en familie in `n swembad gemaak het. Die wonder van hierdie natuurverskynsel is die krag wat die water het om enige iets in te trek en in te sluk. As mens al in een van hierdie maalkolke was, besef mens dit. Dit is baie lekker as mens hom in die rondte kan ry, maar as jy jou vastrapplek verloor en water sluk en die water trek jou al hoe dieper in, word hierdie lekkerte baie vinnig `n nagmerrie.

Só werk dit dikwels met sonde. Dit begin dikwels baie onskuldig en as iets wat baie lekker is. Maar die maalkolk van die sonde begin mens dan al hoe meer intrek en dieper trek en voor jy jou kon kry is jy vasgevang in `n skuldige gewete en steel die sonde op die ou-einde dikwels jou vryheid en vreugde. Daar is in werklikheid geen vryheid in sonde nie - bloot `n verslawing en slaafsheid wat jou al hoe dieper intrek.

Toe die volk Israel besig was met die uittog uit Egipte en hulle was oppad na die Beloofde Land toe, het hulle `n paar keer die trekkrag van sonde beleef. Ook hier waar hulle van Horberg af weg getrek het en met `n ompad om die land van die Edomiete moes trek (Numeri 21:4-9). Ons hoor hoe hulle sat en moeg raak vir dit wat hulle beleef en hoe hulle ongeduldig met God en met Moses raak. Hulle begin kla en gaan selfs só ver om te sê dat die manna en kwartels wat die Here vir hulle gee hulle walg - hulle naar maak.

Hulle gaan lynreg in teen dit wat die Here van hulle gevra het, naamlik vertroue in die Here en gehoorsaamheid aan dit wat Hy van hulle vra en die leiding wat Hy vir hulle deur Moses gee. Daarom dat die Here hulle op daardie stadium moet terug bring na Hom toe en Hy doen dit op `n ongewone manier: Hy stuur giftige slange onder hulle in en op hierdie manier laat hulle sonde hulle in die nood beland. Deur die groot hoeveelheid Israeliete wat sterf en die pyn wat hulle beleef weens die slange, kom die volk tot `n erkenning van hulle sonde: "Ons het teen die Here en teen u gesondig met dit wat ons gesê het."

In hulle nood begin die Here met hulle werk en word daar vier dinge duidelik: God bring die redding wat hulle nodig het, God doen dit op `n onwaarskynlike manier, God doen dit in die vorm van dit wat juis hulle nood veroorsaak het en God doen dit met `n sekere doel.

Die eerste wat vir die volk moes duidelik word is dat God in hulle nood vir hulle die redding en verlossing bring. Hierdie redding en verlossing van die dood deur die giftige slange het nie gekom deur iets wat Moses gedoen het nie - hulle het nie getrek of snaakse kruie geplant om die slange te verwilder of deur een of ander mediese prosedure nie. God gryp in van buite hulle situasie om in hulle situasie vir hulle redding en verlossing te bring.

Maar God doen dit ook op `n onwaarskynlike manier. As ons in die res van Eksodus, Numeri en Deuteronomium gaan kyk, hoor ons altyd hoe God redding gebring het op onwaarskynlike maniere: water word gegee deur `n klip; die Rooisee word oopgemaak deur `n stok; kos kom aangevlieg deur `n wind wat waai. En hier gebeur dieselfde; hier kom die redding deurdat `n beeld gemaak word en

op `n stok of banier geplaas word sodat almal in die kamp van die volk dit kan sien en daarna kan opkyk.

Wat hierdie redding wat die Here bring nog meer besonders maak, is dit feit dat God dit doen in die vorm van dit wat juis hulle nood veroorsaak het. In plaas daarvan dat God arende of muishonde stuur om die slange te vang, moet hier `n beeld van die einste tipe slang gemaak word! Die woord "giftig" wat gebruik word om hierdie slange mee te beskryf, beteken ook "vurig" of "soos vuur" en het heel moontlik verwys na die manier waarop die slange in die son geblink het. Só moet hierdie beeld van koper gemaak word wat kan blink in die son - só identies moes hierdie beeld gelyk het aan die slange wat die volk gepik en gepynig het.

Die laaste ding wat moes duidelik word vir die volk, was dat God hierdie met `n sekere doel gedoen het en dit was om hulle weer vertroue te leer. In homself het hierdie beeld niks gehad nie: dit was nie `n wonder-beeld wat uit sy eie genesing kon bring nie. Dit is God wat die genesing bring en hulle opkyk na die beeld was `n teken van hulle vertroue in die Here: dat Hy vir hulle die genesing gaan bring. Hoe hartseer is dit dan nie dat ons in 2 Konings 18 hoor dat eeue later die volk begin het om hierdie beeld te aanbid nie en dat God deur koning Hiskia moes ingryp om weer die volk te leer om op Hom te vertrou?

In hulle maalkolk van sonde, in hulle nood moes die volk opkyk en vertrou dat dit God is wat redding bring en vergifnis gee en hulle verhouding met Hom herstel. Dit is alleen uit genade dat God op hierdie manier met die volk gewerk het en daarom kan ons hierdie koperslang as `n besonderse beeld van God se genade in die Ou Testament sien.

Vanoggend, hier waar ons sit, is daar `n realiteit wat ons moet hanteer: sommige van ons worstel nog met `n skuldige gewete oor die sonde wat ons doen of gedoen het. Van ons worstel met verkeerde dinge wat in my verlede gebeur het en wat ek net nie kan verwerk nie. Dalk vra van ons vandag: "Kan God my werklik vergewe vir dit wat ek gedoen het?"

En dan, in jou en my nood, kom die Here vanoggend en deur hierdie verhaal van die koperslang troos Hy vir my en jou met vier soortgelyke dinge wat ons moet onthou: God bring die redding. Hy doen dit op `n onwaarskynlike manier. Hy doen dit in die vorm van dit wat juis ons nood veroorsaak het. En Hy doen dit met net een vereiste.

Die eerste wat ons moet onthou is dat dit God is wat die redding bring. Daar waar jy vandag sit, is daar niks wat jy kan doen om van jou nood ontslae te raak nie. Daar is niks wat jy kan doen om die seer en die pyn weg te neem nie. Daar is nie genoeg medisyne, drank, verdowingsmiddels, slaap, geld, aansien, selfrespek of selfbeheersing wat jou kan verlos en vryspreek van `n skuldige gewete nie. Ons het nodig - tot die dood en die lewe toe nodig - dat Iemand van buite af op ons lewens inwerk. Juis dit is wat God doen.

Maar daarom doen Hy dit op `n onwaarskynlike manier. Hy doen dit nie deur hofuitspraak of vervangingsmiddel of aansien wat Hy vir ons gee of toestaan nie. Hy doen dit deur iets wat vir die Jode `n struikelblok en vir die Grieke dwaasheid is. Hy doen dit deurdat God self mens word en daardie sondelas vir jou en my kom dra. Hy kom gee Homself uit liefde en gemotiveer deur genade as `n offer vir jou en my om só redding en vergifnis te bring.

En Hy doen dit in die vorm van dit wat juis ons nood veroorsaak het: `n sondelose Mens wat die sonde van die wêreld se mense kom aantrek. 2 Korintiërs 5 stel hierdie realiteit en ingrype van die Here die beste: "He who knew no sin he made to be sin on our behalf; that we might become the righteousness of God in him".

Jesus Christus, die sondelose Seun van God, het daar waar Hy aan die kruis hang jou en my sonde op Hom geneem en gedra. Hy wat 100% rein en skoon en perfek is, het vir daardie tydstip vol sonde, vuil en onperfek geword, sodat jy in God se oë deur die bloed van Jesus Christus 100% rein en skoon en perfek voor God kan staan: sonder sonde! Klaar vergewe! Klaar vrygespreek en gered! Daarom dat ons saam met die Psalmdigter in Psalm 103 kan bely en die waarheid kan vasgryp dat "So ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af..." en saam met Paulus in Romeine 8 dat "Daar dus nou geen veroordeling is vir dié wat in Jesus Christus is nie."

Die wonder is dat God hierdie vir jou en my doen en dan alleen maar een vereiste stel: glo en vertrou! Glo en vertrou dat God jou in Jesus Christus reeds vergewe het en dat die verlossing wat Jesus Christus vir ons gebring het ook jou weer in `n verhouding met die Vader gebring het. En selfs hier is God diep intens betrokke in ons lewe: dit is deur die Heilige Gees en die werk van die Heilige Gees - self God! - dat Hy ons oë oplig om vir Jesus Christus aan die kruis en die leë graf te sien.

Daarom kan ons, selfs al worstel ons steeds om hierdie vergifnis en redding heeltemal ons eie te maak, glo dat die redding en vergifnis ook vir my is. Om uit hierdie maalkolk van sonde en `n skuldige gewete te kom, gebeur nie oornag nie. Dit gebeur alleen wanneer God van buite af my gryp en my uittel en dit kom deurdat ek weer-en-weer herinner word aan hierdie onbeskryflike genade. In Jesus Christus het God die Vader se genade vir ons `n realiteit word!

Kyk daarom op en omhels die redding en vergifnis wat daar in Jesus Christus is! Leef as `n nuwe mens, vrygemaak van die sonde en die las van `n skuldige gewete.

Amen